

Sing vooraf staande: Psalm 68:9 (p. 334)

- 9 Gelooft sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:1, 2 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy daede in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 142:3, 4 (p. 686)

- 3 Na regs wend ek my oë – en / daar's niemand wat my nou wil ken;
Daar's nou vir my geen toevlug meer, / en niemand sorg vir my, o HEER!
- 4 Wat dan? Ek wend my tot U heen; / U is my skuilplek, U alleen.
U is, so lank ek leef, my deel, / dié God aan wie ek my beveel.

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bose hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Rut 2

Kernverse: Rut 2:11-12

En Boas antwoord en sê vir haar: Aan my is alles omstandig vertel wat jy aan jou skoonmoeder gedoen het ná die dood van jou man, en dat jy jou vader en jou moeder en jou geboorteland verlaat het en na 'n volk getrek het wat jy gister en eergister nie geken het nie. Mag die HERE jou daad vergelde, en mag jou loon volkome wees van die HERE, die God van Israel, onder wie se vleuels jy kom skuil het. (Rut 2:11-12 AFR1953)

Tema: Om onder die vleuels van die HERE te skuil

Geliefde broers, susters en kinders in ons Here Jesus Christus, moedeloosheid is seker een van die goorste goed wat 'n mens kan oorkom. 'n Mens voel moedeloos wanneer dit lyk asof niks reg wil uitwerk vir jou nie. Jy probeer jou bes, jy doen alles na die beste van jou vermoë, maar beter wil dit nie gaan nie. Dit kan wees dat jy jou bes doen om jou verhouding met die mense naby aan jou reg te kry, of jy doen jou bes om 'n eksamen deur te kom, of om 'n werk of bevordering te kry. Daar is so baie dinge wat 'n mens kan opnoem waar jy jou bes doen, maar dit wil net nie beter gaan nie.

As 'n mens eers moedeloos geword het, is hopeloos nie meer ver nie. Wanneer hopeloosheid by moedeloosheid oorgevat het, begin jou uitsig op beterskap al dowwer te raak. Die moedeloosheid trek jou so plat dat die horison vir jou heeltemal wegraak. En dan kom 'n mens in 'n afdraande ritme. Jy sê vir jouself: Ag dit help tog nie eers om meer te probeer nie. Alles gaan tog maar net slegter en slegter.

Iemand wat in so 'n groef gekom het, sal vir jou sê: Daar is nie meer hoop in hierdie wêreld nie. In daardie groef lyk dit vir hom of haar asof dit nooit weer beter of goed sal gaan nie. Die ergste waar 'n mens dit seker sien, is by daardie mense wat nog redelik geklee by 'n verkeerslig staan en bedel met 'n hartseer verhaaltjie op 'n stuk karton geskryf. Die oë staar doer in die verte in, maar daar is niks meer wat die uitkyk van daardie mens ophelder nie.

Hierdie moedelose en hopelose uitkyk op die lewe kom by alle soorte mense voor. Selfs gelowiges kan so 'n donker uitkyk op die lewe kry. Abram het ook so gevoel by geleentheid. In Genesis 15 het die woord van die HERE in 'n gesig tot Abram gekom en gesê: **Vrees nie, Abram, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot.** Maar Abram se horison het so ver weggeraak dat hy nie eers mooi hoor wat die Here vir hom sê nie. Hoor net hoe het hy die Here geantwoord: **Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskener Eliëser is?**

Geliefdes, baie maal is dit omstandighede van buite af wat maak dat mense so hopeloos begin voel en word. Ons het 'n vorige keer gesien hoe dit gebeur het dat Naomi so hopeloos geraak en gevoel het. Sy was 'n weduwee sonder seuns. Dit was so erg dat sy haar naam na Mara wou verander het. Al wie sy gehad het, was Rut. Maar wat sien Naomi, as sy na Rut kyk? 'n Weduwee, 'n Moabiet, 'n vreemdeling in die Betlehem. Naomi het net swarigheid voor haar gesien. Vir haar het die horison ook weggeraak.

Ons wil egter nie in die uitsigloosheid van Naomi vaskyk nie. Die Heilige Gees vestig vanoggend ons aandag op 'n dag in die lewe van Rut, die Moabitiese weduwee in Betlehem. Dieselfde omstandighede wat Naomi toegevou het, het ook vir Rut toegevou, maar Rut het **onder die vleuels van die HERE, die God van Israel, kom skuil.** Die Heilige Gees wil ons dit laat raaksien, omdat Hy vir jou en my ook daar wil bring.

Om agter te kom wat dit beteken om onder die vleuels van die Here te skuil, gaan ons deurentyd na die volgende drie vrae kyk:

1. Hoe lyk die lewe van die mens wat onder die vleuels van die Here skuil?
2. Wat doen so 'n mens?
3. Wat is die uiteinde van so 'n mens?

Die beeld wat die Here hier gebruik wanneer Hy sê dat iemand onder sy vleuels skuil, is deur Jesus ook gebruik. Jesus het dit so gesê:

Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie! (Matthéüs 23:37AFR1983)

'n Hen maak haar kuikens onder haar vlerke toe wanneer daar gevaar dreig. Sy wil haar kinders beskerm. Dit is onder andere wat Jesus en sy Vader doen wanneer Hulle hul vleuels uitsprei oor die mense.

Sommer met die intrapslag in hierdie hoofstuk in laat die Heilige Gees ons al iets van die vleuels van die HERE raaksien. **Naomi het 'n vermoënde familielid gehad van haar man Elimeleg se kant af. Sy naam was Boas** (Rut 2:1). En om ons nie te laat vergeet nie, word dit weer genoem in vers 3.

Die Here maak nie aan sy kinders bekend hoe en wat Hy vir hulle beskik nie. Naomi, so kom ons agter uit hierdie hoofstuk, het aanvanklik nie geweet van Boas nie. Sy was immers tien of meer jare weg uit Betlehem uit. Sy het Boas wel geken, so kom ons agter aan die einde van Rut se dag. Toe het Naomi gesê dat Boas familie van hulle is en dat hy een van hulle lossers is. Maar hier aan die begin van die dag was Naomi en Rut nog onbewus van Boas. Kyk net hoe rustig bring die Here elke mens en ding op sy plek sodat sy plan uitgevoer word. Geliefdes, die Here spreid sy vleuels ook oor ons so uit, sonder dat ons dit weet of raaksien. Baie maal is dit eers lank na die tyd dat ons dit raaksien. Maar met hierdie werk van Hom verseker die Here ons dat Hy ons altyd onder sy oog hou. Niks gebeur sommer maar net nie.

Die Here het eintlik sy vleuels al in Moab oor Rut uitgesprei toe sy die skoondogter van Naomi geword het. En nou lei die Heilige Gees haar om al dieper onder die vleuels van die Here in te kruip. Luister net mooi. Die Here spreid sy vleuels uit en Rut kruip dieper daaronder in. Wanneer die Here ons lewens en die ganse wêreld bestier, word ons verantwoordelikheid nie weggeneem nie.

Deurdadig dat die Here met Rut besig was, het sy op 'n manier die vleuels van die Here herken. Dit is die Here se bepaling dat diegene wat hulle lande oes, nie die lande kaal mag afoes nie. Die graan wat uit die gerwe uitval en wat nie raakgesny word met die sekel nie, moet op die lande agterbly vir die armes en die vreemdelinge. Dit is dus ook vir Rut. Sy is arm en 'n vreemdeling. En boonop is sy 'n weduwee. Een van die vroue wat in besonder beskerm moet word. En die rede wat die Here gee oor hoekom die eienaar van die land nie alles moet afoes nie: **Ek is die HERE julle God**. Dit wil sê, die volk van die Here moet iets van die Here se karakter vertoon in hulle lewe teenoor mekaar. Die Here is besorg oor die armes en vreemdelinge. Daarom moet hulle wat aan Hom behoort ook besorg wees oor die armes en vreemdelinge.

Rut het haar skoonma gevra of sy kan gaan graan optel waar daar geoes word en spesifiek by dié een **in wie se oë sy genade sal vind**. Iemand wat onder die vleuels van die Here skuil, sit nie en wag dat daar aangedra moet word nie. Rut het uitgegaan. Sy het 'n verantwoordelikheid en sy kom dit na. So maak iemand wat regtig 'n beeldraer van God is.

En luister hoe ryg die Here Rut se lewe in hierdie plan in wat Hy uitvoer. **En gelukkig kom sy op 'n stuk land wat behoort aan Boas, uit die geslag van Elimeleg**. En ook Boas se lewe word in hierdie plan ingeryg. **En Boas het juis van Betlehem af gekom ...** Hier is nie so iets dat die Here dinge manipuleer nie. Rut het haar keuse gemaak om uit te gaan. Sonder dat sy bewus is van Boas en wie hy is, het dit gebeur dat sy by Boas se landerye uitkom. Boas het in sy daaglikse besig wees besluit om na sy landerye toe te gaan. So bring die Here vir Rut en Boas by mekaar uit deurdadig dat Hy hulle besluite gebruik. Rut weet nog nie, maar ons weet, omdat ons die hele verhaal ken, dat Boas ook deel uitmaak van die vleuels van die Here waaronder Rut skuil. In hierdie stadium het Boas dit ook nog nie geweet nie.

Geliefdes, ons sien ook in Boas se optrede raak hoe lewe 'n mens wat onder die vleuels van die Here skuil en wat so iemand doen. Die eerste ding wat ons van Boas opval, is die wyse waarop hy sy werkers groet en hulle hom groet: **Mag die HERE met julle wees!** en **Mag die HERE u seën!** Vir

ons klink sy groet 'n bietjie snaaks. Ons is gewoon dit is mense uit sogenaamde charismatiese kerke wat so groet. Ons is nie daaraan gewoon om iemand so te groet nie. 'n Mens praat eerder so in die kerk in 'n erediens. Die Here groet ons so.

Tog glo ons dat die Bybel reg is. Ons glo ook dat die Here se Naam nie net in eredienste genoem mag word nie, maar ook in ons lewe van elke dag. Ons maak mos nie die Here hier in die kerkgebou of in ons Bybel toe nie. Ons kan nie, want die Here is alomteenwoordig. Hy is dus ook teenwoordig in ons lewens buite die kerkgebou en buite die Bybel. Hy het 'n sê oor ons hele lewe. Maar ons het in hierdie vreemde gebruik verval om ons lewens in twee te deel. Hier by die erediens, en op 'n Sondag, en by 'n oop Bybel praat en doen ons anders as op ander tye en dae en plekke.

Die Heilige Gees leer ons egter, die mens wat onder die vleuels van die Here skuil, lewe nie so 'n dubbele lewe nie. Soos wat Boas gelewe het waar hy die Here aanbid het en soos wat hy daar gepraat het, het hy ook op die landerye met sy werkers gepraat. Deur so te groet het Boas te kenne gegee dat die Here seggenskap het en teenwoordig is by die werkers daar op die landerye waar daar gesweet word om kos op die tafel te kan hê.

Miskien kan ons maar ook hierdie manier van groet aanleer, broers en susters. Ons skuil mos ook onder die vleuels van die Here. Hy het sy vleuels oor ons uitgesprei deur ons na Hom toe te roep. Hy het ons onder sy vleuels ingetrek toe Hy ons vanoggend seëndend gegroet het. En al singende tydens die lofpsalm het ons dieper onder die vleuels van die Here ingekruip omdat ons wil hoor wat Hy ons vandag wil leer. Iemand wat onder die vleuels van die Here skuil, lewe nie 'n dubbele lewe nie. Sy en haar lewe op 'n Sondag, in 'n erediens, en by 'n oop Bybel is nie anders as op ander dae, plekke en tye nie.

Die tweede ding wat ons van Boas opval, is sy optrede teenoor familie, armes en vreemdelinge. Nadat Boas verneem het wie die vreemde meisie is wat agter sy snyers graan optel, het hy 'n paar dinge vir haar gesê. Sy moenie op 'n ander land graan gaan optel nie. Sy moet by die ander meisies op sy landerye bly. Sy sal nie lastig geval word nie, want hy het die mans in sy diens so beveel. En as sy dors is, kan sy maar van die water drink wat die ander werkers vir hulle geskep het.

Omdat Boas 'n vermoënde man is, beteken dit nie net dat hy ryk is nie, maar dat hy ook goed bekend is Betlehem. Hy is 'n leier, nie so gemaak nie, maar hy lewe geloofwaardig. Hy gee nie voor om iemand anders te wees as wat hy werklik is nie. Daarom, toe hy gehoor het dat die vreemde meisie Rut is, die Moabitiese vrou wat saam met Naomi gekom het, het hy dadelik geweet dat hierdie weduwee familie is.

Vir ons is familie vandag net die gesin met Pa en Ma en die kinders. In die Bybelse tye is die begrip *familie* baie wyer verstaan, soos wat ons swart broers en susters dit verstaan – 'n uitgebreide familie. En die mans – veral die wat aan die hoof is van die familie – het 'n verantwoordelikheid teenoor die ander familielede. As Boas dan later aan sy werkers opdrag gee dat Rut ook tussen die gerwe mag optel en dat hulle van die graan uit die gerwe moet laat val, is dit nie net omdat Boas toe al van Rut begin hou het nie, maar omdat hy die karaktertrek van die Here vertoon. Boas is besorg oor sy familie, die armes en die vreemdelinge.

Maar vir Boas gaan dit oor meer as net Rut. Dit gaan immers oor die Here onder wie se vleuels hy ook skuil. 'n Mens wat onder die Here se vleuels skuil, lewe verantwoordelik teenoor die Here. Hy en sy weet dat die Here rekenskap sal eis van hulle oor dit wat hulle gedoen het of nie gedoen het nie. 'n Eienaar van landerye kon op sy regte gestaan het en dan moes Boas net graan laat optel het wat agtergebly het waar daar klaar geoes is. Maar hy doen dit nie. Hy staan nie op sy regte as eienaar van die land nie.

Rut, wat al dieper onder die vleuels van die Here inkruip, het ook nie op haar regte as 'n arm vreemdeling gestaan nie. Sy het nederig gevra of sy van die graan agter die snyers kan optel. Sy het nie by die voorman op hierdie reg aangedring net omdat die Here dit so bepaal het nie. Sy het gesoek in wie se oë sy genade sou vind. En selfs nadat Boas meer doen en gee as waarop Rut geregtig is, bly sy nederig. Sy het nie die hele hand gegryp omdat Boas die pinkie gegee het nie. Omdat sy al dieper onder die Here se vleuels inkruip, het sy ook geweet dat sy teenoor die Here verantwoordelik bly vir haar optrede.

Tot nou toe het ons nog net die eerste twee vrae beantwoord, naamlik hoe lyk die lewe van iemand wat onder die vleuels van die Here skuil en wat hulle doen. Ons wil nog die laaste vraag beantwoord kry. En die antwoord is in ons tweede kernvers: **Mag die HERE jou daad vergelde, en mag jou loon volkome wees van die HERE, die God van Israel, onder wie se vleuels jy kom skuil het.**

Het Rut nou al dieper onder die Here se vleuels ingekruip net om vergeld te word en 'n groot loon by die Here te kry? As dit die geval is, het sy mos met haar goeie werke, waarvan ons eerste kernvers praat, by die Here genade verdien, maar dan is dit nie meer genade nie. Om hierdie loon en beloning goed te verstaan, moet ons ook hoor wat Jesus sê.

Wanneer ons op 'n verantwoordelike wyse armes help, bid en vas – beteken dit dat ons dit nie doen om deur mense raakgesien te word nie, maar om die Here te dien. Wanneer ons armes versorg en bid en vas soos die Here dit wil, sê Jesus, sal ons Vader ons beloon. Jy kom jou godsdienstige verantwoordelikhede na omdat jy dankbaar is om onder die Here se vleuels te wees. Dit is waarom Rut gedoen het wat sy gedoen het. En die loon hiervoor is 'n nog meer verrykte verhouding met die Here. Hoe meer 'n mens dus doen wat van jou as gelowige, verlose kind van die Here verwag word, hoe dieper kom jy onder die vleuels van die Here in, en hoe dieper word jou verhouding met Hom. Dit is immers wat die Here aan Abram belowe het toe Hy gesê dat Abram se loon groot is. Abram se loon was die Here self en 'n verdiepte verhouding met die Here was Abram se groot loon, want die Here het op daardie dag sy verbond met Abram gesluit.

Geliefdes, dit is in die Psalms wat ons hoor wat dit vir ons beteken om onder die vleuels van die Here te skuil. In Psalm 17 bid Dawid om onder die Here se vleuels te skuil, want daar is hy veilig en kan sy goddelose vyande hom nie bykom nie. In Psalm 36 sing Dawid hoe gelowiges se kragte versterk word onder die vleuels van die Here. In Psalm 57 sê Dawid hoe hy kalmte in sy hart gekry het onder vleuels van die Here toe hy bedreig was en bang geword het. Onder die vleuels van die Here het Dawid die hulp en bystand van die Here beleef (Psalm 63). En in Psalm 91 word daar gesing van die hoop wat in die gelowige lewendig word wanneer hy onder die vleuels van die Here skuil.

Veiligheid, versterking van kragte, kalmte, hulp en hoop, dit is die dinge wat geassosieer word met die vleuels van die Here. Dit was die dinge waaraan Rut behoefte gehad het, en sy het dit in die Here onder sy vleuels gevind. Dit is die dinge waaraan ons behoefte het. Daarom het Christus ons onder sy vleuels ingetrek. Hy bewaar ons veilig teen die wreedheid van die wêreld. Hy bewaar ons teen die toorn van sy Vader oor ons sonde. Hy verkwik ons. Hy gee aan ons rus en nuwe krag. Hy is ons hoop om eendag voor die troon van God te mag staan.

Deur die genadige werk van die Heilige Gees is ons onder die vleuels van die Here, geliefdes. Kom ons lewe en doen nou soos mense wat onder die vleuels van die Here skuil. Kom ons doen dit so getrou dat ons vir ander mense deel van die vleuels van die Here kan wees soos wat Boas vir Rut was.

Amen!

Slotgebed

Bediening van die heilige doop aan 'n verbondskind.

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 91:2, 5 (p. 460)

- 2 Daar's nete, waar jou voet ook gaan, / soos van die voëlvanger;
uit donker plekke waai jou aan / 'n stroom van pesdamp swanger.
Maar ewege vleuels sweef oor jou, / geruis van reusevlerke;
rondom jou is Gods ewege trou, / die harnas van die Sterke.
- 5 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
In onheilsnag sal geen geweld / jou pad onveilig maak nie,
jou reistent, eensaam in die veld, / geen kwaad of plaag genaak nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 September 2011